

# STAP VIR STAP

---

## Raad aan die soekende siel

Liewe leser wil u graag seker wees dat:

- ✓ al jou sondes vergewe is,
- ✓ jy eendag hemel toe gaan,
- ✓ jou siel gered is,
- ✓ jy 'n kind van God is,
- ✓ hoe om by Jesus uit te kom, hoe Hy in jou lewe kan kom en jou 'n nuwe skepsel sal maak.

**2 Korintiërs 5:17** belowe: *“Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verby gegaan, kyk, dit het alles nut geword”.*

*Volg dan die volgende raad stap vir stap. Baie het al so sekerheid verkry. As jy stiptelik volg, is ek oortuig daarvan dat jy sekerheid sal verkry en nooit weer verlore sal gaan nie, maar vir ewig by Jesus sal wees.*

### 1. KOM ONS BEGIN:

Voordat ons begin, laat ons eers saam bid en Jesus vra om alles deur sy Gees vir jou duidelik te maak, want sonder sy hulp sal my verduideliking nie veel beteken nie. Buig jou hoof en bid hierdie woorde:

*“Here Jesus Help my om duidelik te verstaan wat U vir my wil doen en beteken. Help my asseblief om self ook alles te doen wat U van my verlang as ek nou tot bekering kom. Gee vandag aan my volkome sekerheid dat U my siel gered het en dat ek volkome aan U behoort. AMEN”*

### 2. NEEM NOU JOU BYBEL

Dit is baie, baie belangrik dat jy elke teks wat hier aangegee word, in die Bybel lees. So sal jy merk dat alles wat geskryf is, uit die Bybel kom. 'n Mens weet wanneer jy gered is omdat God dit deur sy Woord aan jou sê. Hou dus altyd jou Bybel byderhand.

#### \* WAARSKUWING \*

**Voordat ons nou verder gaan, liewe leser, moet ek jou eers vra of jy dit werklik ernstig bedoel om die saak met die Here uit te maak. Het jy waarlik met jou hele hart gebid? Indien nie, dan is jy nog nie werklik soekend nie, en ek twyfel of hierdie boekie jou sal kan help.**

Ondervinding het geleer dat 'n blote vlugtige deurlees van die boekie geen werklike waarde het nie. Lees dit aandagtig en bidden deur en jy sal antwoord op jou soeke kry.

### 3. DIE GROOT VRAAG

Kan 'n mens honderd persent seker wees dat jy werklik gered is?

#### WAT SÊ DIE BYBEL?

Slaan die Bybel oop by 1 Johannes 5:12-13. Lees die teks en probeer die antwoord op elke vraag self raaksien terwyl jy dit bestudeer. Moet tog nie verder gaan as jy nie die teks begryp nie. Onthou, bly biddend vra dat God jou moet help.

*“Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie” (1 Johannes 5:12)*

Lees nou die eerste helfte van die vers.

- ❖ **“Hy wat die Seun het”... het wat?**  
Hy het die lewe!
- ❖ Watter sort lewe is dit?  
Vers 11 sê, “die EWIGE LEWE”  
“Hy wat die Seun het, het dus die Ewige lewe”.
- ❖ Wat is die EWIGE lewe?  
Dit is die ewige saligheid!
- ❖ As jy die ewige lewe het, waarheen gaan jy dan?  
HEMEL TOE! Met ander woorde, jou siel is gered.

Volg jy nog? As iets onduidelik is, gaan die voorafgaande weer biddend deur.

#### **4. LEES NOU VERS 13:**

*1 Johannes 5:13 “Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.”*

Daar staan geskrywe: “Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle...” wat het?

#### **DIE EWIGE LEWE HET!**

As jy nou weet dat jy die ewige lewe het – wat weet jy werklik?

#### **EK WEET DAT EK HEMEL TOE GAAN!**

#### **5. HOE KAN EK DIT WEET?**

Let nou mooi op! In hierdie vers staan geskrywe: *“Dit het ek geskrywe... sodat julle kan weet”*.

- ❖ Wat het hy geskrywe?  
Die voorafgaande. (kyk na vers 12)
- ❖ Wat staan daar geskrywe?  
“Hy wat die seun het, het die lewe”.
- ❖ Wat moet jy dus hê om die ewige lewe te kan besit?  
DIE SEUN! DIE SEUN!
- ❖ En wie is die Seun?  
JESUS!

As jy Jesus dus het, dan het jy die ewige lewe en kan jy seker wees dat jy gered is. DIT WIL SÊ: JY MOET SEKER MAAK OF JY JESUS HET. En as jy daarvan seker is, weet jy dat jy die ewige lewe het.

Voordat jy egter kan seker maak of jy wel die Here Jesus het, sal jy eers moet verstaan WAAROM JY JESUS REGTIG NODIG HET. Laat ek dit so verduidelik:

## 6. BLAAI NOU NA MATTHÉÛS 18:11

*“Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is”.*

- ◊ Vir wie het Jesus gekom?  
Die wat verlore is.
- ◊ Wat het Hy met hulle kom maak?  
Hy het hulle kom red.
- ◊ Wie is verlore?  
Almal wat gesondig het en nog nie gered is nie.

*“En toe die Here by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en gedadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die heedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie;...”  
(Exodus 34: 6-7)*

God laat dus sonde nooit ongestraf nie – al vergewe Hy!

- ◊ Hoe straf God sonde?  
Hy straf dit in die HEL!

*Openbaring 20:14-15. “En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die Boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp”.*

- ◊ Wie se naam is nie in die boek van die lewe geskrywe nie?  
Almal wat gesondig en nie gered is nie!

*“Toe het die Here Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, die sal Ek uitdelg uit My boek.” (Exodus 32:33)*

- ◊ Wie het gesondig?

*“Want ALMAL het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God .”  
(Romeine 3:23)*

ALMAL IS DUS BESTEM VIR DIE VERDERF:

Want ALMAL HET GESONDIG en ALMAL se name is dus uitgedelf uit die boek van die lewe. Maar die wonderlike en blye boodskap! Jesus het juis gekom om te soek en te red wat verlore is. (Lukas 19:10)

Dus, vriend, Jesus het ook vir jou gekom en jou sondestraf op Hom geneem.

- ◊ Maar wat het Hy gedoen om jou te red?

## 7. BLAAI NOU NA JESAJA 53:5

*“Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op HOM, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom”.*

- ◊ Verstaan jy wat Jesus gedoen het om ons te red?  
Hy het ter wille van ons sondes aan die kruis van Golgota gesterf.
- ◊ Weet jy hoekom Hy vir ons sondes aan die kruis moes sterwe?
- ◊ Weet jy hoe die saak inmekaar steek?

*Laat my toe om dit op ‘n eenvoudige manier te verduidelik.*

Kom ons stel vir ons 'n tweegesprek voor tussen God die Vader en Jesus Christus, die Seun, oor die Bybelse waarheid wat ek graag wil verduidelik. (Ek verwys nou na Jesaja. 53:5 en Johannes 3:16) Ons stel dit so voor dat die twee Persone van die Goddelike drie-eenheid voor die grondlegging van die wêreld besig was om hemel en aarde wat geskape moes word, te bespreek, sowel as die verskillende mense wat God op sekere tye sou skep en op sekere plekke sou laat gebore word. (Efésiërs 1:3-6) God kom toe onder andere ook by jou naam uit. Kom ons sê jou naam is Hendrik of Linda.

#### \* DIE TWEEGESPREK \*

**VADER:** “Hier is ons nou by Hendrik wat in die 21ste eeu gaan lewe. Vir hom het Ek ook innig lief (Johannes 3:16). Ek sou baie graag dat hy by My in die hemel sal wees aan die einde van alles (Eségiël 33:11)

**JESUS:** “Ja Vader, ook Ek begeer dat hy saam met Ons die ewige lewe sal smaak”.

**VADER:** “Ongelukkig sal dit nie moontlik wees nie, want Hendrik gaan baie sondes pleeg. Hy gaan vloek, steel, lieg, onrein wees! Ja, hy gaan selfs My, wat hom geskape het, haat. My heiligheid verplig My om hom te veroordeel. Hy sal dus moet boet vir al sy sondes in die ewige verderf, tensy Ek iemand kan kry wat bereid sou wees om sy plek in te neem. Maar nou is daar net EEN wat dit kan doen, en dit is U, My Seun” (Johannes 3:16, Handeling 4:12).

**JESUS:** “Vader Ek is bereid om die volle aanspreeklikheid op MY te neem vir al Hendrik se sonde wat hy gaan pleeg. Ek sal sy straf dra as hy tog maar net eendag saam met ONS in die hemel kan wees” (1 Korinthiërs 5:18).

**VADER:** “Goed My Seun, dan gaan Ek jou aanspreeklik hou vir al Hendrik se sondes. U sal egter na die aarde moet gaan en 'n mens word om as mens die straf te dra wat Ek vir Hendrik bepaal het. Dit beteken dat U vervloek gaan word en aan 'n kruis sal moet sterf en Ek U ook sal verlaat en U helse smarte sal lei. Is U bereid om dit te doen?” (Galásiërs 3:13)

**JESUS:** “Ja Vader, Ek is bereid om die volle prys vir al Hendrik se sondes te betaal! (Filippense 2:5-8)

Tweeduisend jaar gelede het Jesus hierdie groot opoffering gedoen – nie net vir jou alleen nie, maar vir alle sondaars het Hy die straf gedra.

*“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” (Johannes 3:16)*

*“Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het”. (Galásiërs 2:20)*

## 8. KOM ONS KYK NOU WEER NA JESAJA 53:5

*“Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom”.*

#### ❖ **Wat het Jesus dus gedoen?**

Jesus het die straf vir ons sondes gedra.

#### ❖ **Vir wie het Jesus gesterf?**

Vir my, vir jou, vir ons, vir elkeen wat glo.

Glo jy dus dat Jesus jou straf aan die kruis gedra het? As jy nog twyfel, gaan eers die voorafgaande nog 'n maal deur en lees veral Jesaja 53:5 weer. Plaas jou eie naam daar waar “ons” geskryf staan. Lees dit dan so: “Maar Hy (Jesus) is terwille van my oortredinge deurboor, terwille van my... ens.

◇ Glo jy nou dat Jesus jou straf gedra het?

As jy glo, kan ons verder gaan, maar jy moet eers waarlik glo dat Jesus na die aarde gekom het om vir jou sondes aan die kruis te sterf.

**Nou weet ons wat Jesus alreeds 2000 jaar gelede vir ons onderneem het, maar kom ons kyk wat Hy nou vir jou wil doen.**

## 9. BLAAI NA 1 JOHANNES 1:7

Lees nou die teks en let veral op die tweede gedeelte daarvan. Daar staan geskrywe: ...“en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sondes”.

◇ **Wat beteken die bloed van Jesus?**

Dit beteken die Kruisdood, want Jesus se bloed het aan die Kruis gevloei. Dit dui dus op die offer wat Hy vir ons gebring het.

*“Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie” (Markus 10:45)*

◇ **Wat beteken die woord “reinig?”**

Dit beteken dat Hy ons sondes so volkome wegneem dat dit nie meer teen ons gereken word nie.

◇ **Van watter sondes reinig Jesus ons?**

Van alle sondes.

◇ **Is daar sondes in jou lewe wat Jesus nie kan reinig nie?**

Nee beslis nie. Hy reinig jou deur Sy bloed van alle sondes.

◇ **Wat moet jy doen om gereinig te word?**

Jy moet jou sondes bely.

## 10. LEES NOU 1 JOHANNES 1:9

*“As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig”.*

◇ **Wat moet ons dus met ons sondes doen?**

Ons moet dit bely.

◇ **En wat doen God daarmee as ons dit bely?**

Hy vergewe dit.

Let nou mooi op. Die Bybel sê dan dat God ons sondes nooit ongestraf laat bly nie (Exodus 34:6-7) As Hy nou die sondes vergewe het, sal Hy mos nie daardie sondes straf nie. Tog laat Hy nooit sondes ongestraf nie.

◇ **Wat word dan van die straf?**

Jesus het dit gedra. (Jesaja 53:5-6)

◇ **Hoe bely ‘n mens nou jou sondes?**

Die woord “bely” beteken “erken”. Ons moet dus ons sondes erken en die Here daarvoor om vergiffenis vra.

Erkenning van my skuld beteken dat ek my **voor God** moet beskuldig omdat ek my sondes haat en ek moet berou daaroor hê. Belydenis van sonde gaan gepaard met **berou** wat lei tot bekering. Bekering beteken: **EK DRAAI OM**.

Ek keer dus die rug op al my sondes en neem my voor om dit **NOOIT** weer te doen nie. Van nou af dien ek die Here met my hele hart en laat my sondes vaar.

◊ **Waarom is dit nodig om jou sondes te bely?**

*Laat my toe om dit te verduidelik aan die hand van die volgende ware gebeurtenis;*

‘n Goeie vriend van my en sy seun, Frikkie het een middag met hul motor gaan ry. Frikkie was slegs sestien jaar oud. Langs die pad het sy vader, mnr. Liebenberg, hom die motor laat bestuur. ‘n Verkeersbeampte keer hulle voor en Frikkie word R200 beboet omdat hy die motor sonder rybewys bestuur het en sy vader ook met R200 omdat hy toegelaat het dat Frikkie bestuur. Die volgende dag neem mnr. Liebenberg R400 na die Kantoor waar hy die boetes moes betaal. Die man agter die toonbank gee hom ‘n vorm waarop hy sy skuld moet erken en dit dan moet onderteken. Nadat die klerk die vorm en die R400 ontvang het, skryf hy ‘n kwitansie uit vir R200 en gee dit aan mnr. Liebenberg terug tesame met R200. Verbaas kyk mnr. Liebenberg na die kwitansie en die geld en vra aan die klerk; “Meneer, hoe het ek dit dan nou, die boete was mos R400?”

*“Heeltemal reg meneer, maar jou seun moet sy eie skulderkenning kom onderteken en betaal”. “Ag meneer” sê my vriend, “hy is minderjarig en ek is sy pa, kan ek nie maar namens hom die skulderkenning teken en die boete betaal nie?” “Nee meneer,” antwoord die klerk, jy kan nie iemand anders se skuld erken nie, al is dit ook jou eie seun!”*

*Net die een wat skuldig is, kan sy skuld erken. Jy kan wel sy boete vir hom betaal, maar ek kan eers die geld aanvaar sodra hy die skulderkenning geteken het.”* Skielik tref dit meneer Liebenberg, maar dit is mos presies wat Jesus gedoen het! Jesus het ons boete betaal, maar God kan dit eers aanvaar nadat ons eers die skulderkenning voor God gemaak het.”

En so het die R400 wat hy wou betaal, vir hom die lig laat sien en laat verstaan waarom dit nodig is om ons sondes te bely.

God kan ons alleenlik vergewe nadat ons ons sondes bely. Maar ook net omdat Jesus die straf vir ons gedra het.

◊ **Is dit genoeg om slegs my sondes te bely**

Nee, want God kan my eers vergewe sodra my boete betaal is. Die boete wat vir ons sondes betaal is, is toe Jesus vir ons aan die Kruis gesterf het. As ek nou my skuld voor God bely en erken en glo dat Jesus alreeds my boete aan die Kruis betaal het, sal God my sondes vergewe.

◊ **Hoe kry ek deel aan die boete wat Jesus vir my betaal het?**

Deur aan HOM (Jesus) deel te kry. Ek moet Jesus besit. As ek Hom het, het ek ook dit wat Hy vir my aan die Kruis verwerf het.

## **11. LEES NOU WEER 1 JOHANNES 5:12**

“Hy wat die Seun het, het die lewe;...”

◊ **Hoe het ek die Seun?**

*Die volgende voorbeeld behoort dit duidelik te maak:*

Jan Botha het lief geword vir Marietjie de Bruyn en na hulle ‘n hele ruk lank uitgegaan het, het Jan besluit om haar te vra om met hom te trou.

Terwyl hulle een middag gaan stap, vra Jan die groot vraag!

Marietjie het vir 'n oomlik geswyg terwyl 'n soet glimlag om haar lippe gespeel het. Na 'n rukkie wat vir Jan soos 'n ewigheid gevoel het, antwoord sy: *“Ek het lankal die gevoel gekoester dat ek eendag mevrou Botha sal word. Ek behoort dus aan jou, Jan”*.

Die volgende dat vra iemand aan die stralende Marietjie: *“en toe meisiekind, wat het oor jou lewe geloop? Het jy 'n erfporse ontvang?”* “Nee” antwoord sy, ek het 'n toekomstige lewensmaat ontvang”.

Let nou mooi op wat sy gesê het, naamlik, *“ek het 'n toekomstige lewensmaat ontvang”*.

Wat bedoel sy daarmee? Sy bedoel dat sy iemand het aan wie sy haar toegesê het. Sy het iemand aan wie sy haar hart gegee het. Sy het 'n verstandhouding met iemand.

❖ **Wanneer het sy Jan gekry?**

Toe sy vir hom *“ja”* gesê het. Toe sy haar aan hom gegee het. Toe sy haar hart aan hom geskenk het.

❖ **Wanneer het jy JESUS?**

Wanneer jy vir Hom *“ja”* gesê het het, wanneer jy jou hart aan Hom gegee het. Wanneer jy jou met Hom in die geloof vereenselwig het. Kom ek maak dit nog duideliker: Jesus kom na jou toe en lê Sy hand op jou skouer en sê: *“Hendrik, Ek het jou lief. Ek het ook vir al jou sondes aan die kruis gesterf en daarvoor betaal. Ek het gekom om jou vir My op te eis. Sal jy vir ewig aan My behoort?”*

❖ **Waarvoor wag Jesus dan?**

Vir jou antoord. Voordat Marietjie haar antwoord vir Jan gegee het, was sy nog nie aan hom verloof nie. Maar die oomblik toe sy *“ja”* sê, was sy verloof, toe het sy 'n verloofde gehad.

❖ **Wanneer het ek dus die Seun?**

Wanneer ek my volkome aan Hom gegee en my met Hom vereenselwig. Die oomlik as ek Hom aanneem, dan het ek Jesus en weet ek dan dat ek die ewige lewe het. Lees weer 1 Johannes 5:12-13 maar ook dan Openbaring 3:20.

*“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My” (Openbaring 3:20)*

❖ **Wat moet 'n mens dus doen om gered te word?**

Jy moet:

- ✓ **Weet** dat jy 'n sondaar is en Jesus nodig het om jou te red.
- ✓ **Jou sondes bely** en God vra om jou te reinig van alle ongeregtighede deur die bloed van Jesus
- ✓ **Glo** dat Jesus vir jou aan die Kruis gesterf het.
- ✓ **Hom aanneem** as jou Verlosser en Saligmaker en jou hart aan Hom gee en Hom innooi in jou lewe.

❖ **Wil jy nou die saak met die Here uitmaak?**

As jy regtig begeer om dit te doen, is daar niks wat jou hoef terug te hou nie, want God sê self dat Hy jou nie sal uitwerp nie.

## 12. BLAAI NOU NA JESAJA 1:18-19

*“Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet”*.

### 13. BLAAI OOK NA JOHANNES 6:37

*“Al wat die Vader my gee, sal na My toe kom, en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie”.*

Let veral op die woorde. “... en Ek sal hom wat na My toe kom nooit uitwerp nie”.

### 14. KOM KNIEL NOU EN BID DIE VOLGENDE GEBED:

1. “Here my God! Ek is ‘n verlore sondaar. Ek het U nodig om my te red.
2. Ek verstaan nou en glo dat Jesus vir al my sondes aan die Kruis van Golgota betaal het.
3. Daarom aanvaar ek U Here Jesus, as my Verlosser en Saligmaker, ek gee my hart aan U.
4. Reinig my van al my sondes wat ek voor U bely. Ek vra om vergifnis vir my hele sondige lewe, omdat U daarvoor betaal het.
5. Kom woon in my hart deur U Heilige Gees. Bewaar my elke dag teen die aanvalle van die duiwel, AMEN”

**Het jy hierdie gebed in alle opregtheid gebid? Indien wel, kan ek jou die volgende versekering uit die Woord van God aanhaal:**

### 15. NEEM NOU JOU BYBEL EN SLAAN DIT OOP BY 1 JOHANNES 1:9

*“As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig”.*

◊ **Is jou sondes vergewe?** Ja!

◊ **Hoe weet jy dat jou sondes vergewe is?**

Omdat die Bybel my dit verseker. Die Bybel sê dat God my sondes vergewe die oomblik as ek dit in die Naam van Jesus bely. Dit is dus vergewe.

◊ **Waar staan dit?** In 1 Johannes 1:9.

### 16. BLAAI NOU NA JOHANNES 3:36

*“Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe...”*

◊ **Glo jy in die Seun?**

Met ander woorde, glo jy dat Jesus vir jou aan die Kruis gesterf het en het jy Hom aangeneem? Indien jou antwoord, “ja” is;

◊ **Wat het jy dan nou?**

Die ewige lewe.

◊ **Hoe weet jy dit?**

Dit staan so in die Bybel, in Johannes 3:36 geskrywe.

### 17. LEES NOU OOK JOHANNES 1:12, 3:16, 3:18, 5:24, EN 6:36

◊ **Is jy nou seker dat jy gered is?**

*1 Johannes 5:13: “Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God”.*

◊ **As jy nou seker is, neem die volgende stap:**



## 18. DANK GOD

Sê vir Hom dankie omdat Hy jou gehelp het om alles te verstaan en jou verhoor en jou siel gered het.

### ❖ Kan jy nou weer verlore gaan?

Nee, nooit nie! Jy kan wel weer afdwaal. Dan moet jy egter weer teruggaan na Jesus en Sy hulp inroep. Hy sal jou help. Maar jy sal nooit weer verlore gaan nie.

*“My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het ons ‘n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ‘n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir die van die hele wêreld” (1 Johannes 2:1-2)*

## 19. LEES NOU WEER JOHANNES 6:39

“En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag”.

### Jesus het jou te lief om jou te verloor!

(Lees ook Johannes 10:27-29).

## 20. WAT NOU?

- ✓ *Nou het jou geestelike lewe in Christus begin!*
- ✓ *Daar is nog so baie om te leer!*
- ✓ *Nog so baie oorwinnings om te behaal!*
- ✓ *Nog so ‘n menigte versoekings om te weerstaan in die krag van Jesus. Maar Goddank jy het ‘n nuwe lewe begin.*
- ✓ *Gaan nou voort en maak gebruik van goeie Christelike lektuur om jou geestelik te laat groei.*

## Die volgende wenke is baie belangrik:

1. **Vermeerder jou kennis** van Jesus en God die Vader en jy sal al meer en meer genade en vrede ondervind. Dit kan slegs geskied deur deeglike en sistematiese **bestudering van die Bybel**. ‘n Goeie begin is om eers weer al die tekste in hierdie boekie te bestudeer en in jou Bybel na te gaan. Bestee tenminste ‘n halfuur elke dag aan Bybelstudie en bid God vir die nodige insig en wysheid om dit te kan verstaan. Lees eers die Evangelie van Johannes, daarna die hele Nuwe Testament en dan die hele Bybel van vooraf deur.

*“en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan opgroei...” (1 Petrus 2:2)*

2. **Bid elke dag** en vra Sy ondersteuning in jou stryd teen die Bose. Moet dit nooit vergeet nie. Jesus self leer ons om te bid: *“en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose...”* (Matthéüs 6:13)
3. **Soek vervulling met die Heilige Gees** deur gereeld daarvoor te bid!

*“Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul” (Efésiërs 5:18)*

*“As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die Hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid” (Lukas 11:13)*

4. **Getuig** teenoor ander van Jesus.

*“Elkeen dan wat My sal bely voor die mense hom sal Ek ook bely voor My Vader wat die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is” (Matthéüs 10:32,33)*

5. **Woon gereeld byeenkomste** van gelowiges **by**. Moenie eredienste verwaarloos nie.

*“... en laat ons die onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nadar kom” (Hebreërs 10:25)*

*“Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde” (Matthéüs 18:19-20)*

6. **Gee jou tiende** vir die saak van die Here en let op die beloftes van 1 Korinthiërs 9:6-8

*“Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die Leërskaer, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel dal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan van julle afweer, soda thy die opbrengs van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskaer” (Maleági 3:10-11)*

7. **Wen ook ander vir Jesus.**

Net soos daar oor jou bekering blydschap in die Hemel is en die Engele juig omdat nog ‘n siel vir Jesus gewen is, so sla jy ook vreugde vind vir ‘n siel wat jy na Jesus gelei het.

*“Die vrug van die regverdige is ‘n boom van die lewe, en hy wat siele win, is wys” (Spreuke 11:30)*

*“Ek sê vir julle dat daar net so blydschap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie” (Lukas 15:7)*

## Welkom as kind van God in Sy koninkryk

### Die Here seën u!